

HOOFSTUK 5: Notas oor die beplanning en voorbereiding van Bulle en Koeie vir die somerdekseisoen

Dr G Gaigher BVSc

BULLE

Die bul is die belangrikste skakel in die ketting vir die verkryging van die maksimum aantal kalwers in 'n gegewe dekseisoen. Dit is dus logies om seker te maak dat bulle vrugbaar en dekbehendig is voor die dekseisoen, asook dat hulle aangepas is in hul omgewing.

Nuwe bulle moet verkieslik 'n paar maande voor die dekseisoen aangekoop word, sodat hulle behoorlik kan aanpas op die nuwe plaas en nie meer onder stres sal wees a.g.v. vreemde bulle en koeie nie. In meerbulparingstroppe moet die bulle voor die dekseisoen saamloop, sodat hul rangorde voor die dekseisoen reeds uitgesorteer is en en hulle dus nie in die dekseisoen begin baklei nie.

Die toets van bulle vir vrugbaarheid, voor die dekseisoen, word aanbeveel. Onthou dat 'n subfertiele bul baie groot skade in die dekseisoen kan aanrig aangesien die bul dominant kan wees en dus die ander bulle weg kan hou van die koeie. 'n Subfertiele bul is een wat semen van swak kwaliteit produseer en min koeie na die dekseisoen dragtig sal hê.

Sorg ook dat bulle in 'n goeie kondisie is voor die dekseisoen, maar nie oorvet nie. Oorvet bulle se saadkwaliteit is dikwels nie na wense nie a.g.v. vetaanpakking om die skrotum en hulle is ook nie so aktief nie.

Een volwasse bul kan 25-30 koeie dek in 'n 3-maande-dekseisoen. Jong bulle moet goed opgepas word in die dekseisoen en verkieslik nie meer as 20-25 koeie kry om te dek nie, aangesien hulle nog besig is om te groei.

Ent die bulle teen *Campylobacter* (vibriose), met 'n dubbele dosis, ten minste 3 maande voor die dekseisoen. Maak ook seker dat hulle ingespuut is teen knopvelsiekte, aangesien dit 'n siekte is wat hulle steriel kan maak. Toets bulle voor die dekseisoen vir *Campylobacter* en *Trichomonas* indien daar probleme met vrugbaarheid in die kudde is. Toets alle nuwe bulle wat ingekoop word, veral bulle wat reeds in ander kuddes gewerk het.

Onthou dat enige koorsreaksie 'n bul tydelik steriel kan maak en dat dit vir so 'n bul 2-3 maande neem om weer saad van goeie kwaliteit te lewer.

KOEIE EN VERSE

Die beplanning van die dekseisoen is van groot belang. Die ideaal is dat 'n teelkoei elke jaar van haar voortplantingslewe 'n gesonde kalf sal produseer. Die volgende paar punte moet in gedagte gehou word.

Verse moet een maand voor die koeie na die bulle gaan. Die rede hiervoor is sodat hulle vroeg beset kan raak en na kalwing genoeg tyd het om te herstel om weer bronstig te raak sodat hulle binne 'n jaar weer kan kalf. Spesiale aandag moet aan verse geskenk word, veral gedurende die dragtigheidsperiode en die tyd na kalwing. Sit hulle op die beste weiding, maar verhoed dat hulle oorvet word in die laaste drie maande van dragtigheid. Die kalf in die baarmoeder groei die meeste in die laaste maand en oorvet diere kan moontlik kalwingsprobleme ondervind.

Neem die volgende beginsels in ag vir die dekseisoen.

1. Kondisie met paring is een van die heel belangrikste faktore wat bepaal of koeie en verse beset sal raak (ideale kondisietelling van 3 tot 3.5). Spesiale aandag moet aan verse geskenk word na kalwing, aangesien hulle gewoonlik nie die mikpunt bereik nie omdat hulle dan nog steeds groei en ook 'n kalf soog. Hou die beste weiding vir verse na kalwing en sorg dat hulle goeie lekkery kry sodat hulle die doelwit van kondisietelling kan handhaaf. Die ideaal is om verse na kalwing as 'n aparte trop te bestuur.
2. Sorg dat al die inentings en ander prosedures lank voor die dekseisoen reeds voltooi is, sodat diere nie onder addisionele stres gesit word gedurende die dekseisoen nie.
3. Hou die bulle in die dekseisoen goed dop om te sien of hulle fisies goed dek en leer die beeswagters om dekdatums aan te teken — op dié manier kan dadelik agtergekom word as 'n koei weer gedek word. Indien dit met baie koeie gebeur, kan dit moontlik probleme by die bul aandui. Gereelde siklusse (21-24 dae) dui gewoonlik op onvrugbare bulle, terwyl ongereelde siklusse moontlik op geslagsiektes of probleme met die kondisie van die koeie dui.
4. Wees baie versigtig met die aankoop van nuwe koeie en verse; koop net aan uit kuddes wat aan u bekend is, waar goeie bestuur toegepas word en met 'n goeie rekord wat vrugbaarheid aanbetref. Toets aangekoopte koeie ten minste vir brusellose (besmetlike misgeboorte) voor u hulle by u kudde voeg.
5. Ent al u vervangingsverse met die lewendige entstof teen beesvirusdiarree, twee keer voor hulle na die bul toe gaan. Kontak u veearts vir meer besonderhede.

Met goeie beplanning en spesiale aandag aan bulle en koeie/verse, soos hier beskryf, kan u verseker dat u boerdery winsgewend sal wees.